

STUDIEMETODES

Wat gaan ons bespreek?

1. Motivering
2. Doelwitstelling
3. Tydsbestuur
4. Tegnieke
5. Hoe leer ek Tale?
6. Hoe leer ek Wiskunde en Wetenskap?
7. Wat doen ek voor en na 'n toets?
8. Voorbeelde van 'n studierooster



1. MOTIVERING

Motivering speel 'n **groot** rol in die proses van leer. Raak gemotiveerd deur:



- 1.1 Jou **gedagtes** te beheer—dink positief
- 1.2 **Doelwitte** te stel

2. DOELWITTE

'n Doelwit is iets wat jou **rigting** en **fokus** gee om jou te help om by jou eindpunt uit te kom.

Hoe stel ons doelwitte? Deur gebruik te maak van die **SMART** metode:

Create S.M.A.R.T. Goals




Doelwitte moet **SPESIFIEK** wees. Dit moet **MEETBAAR** wees, **BEREIKBAAR**, **REALISTIES** en dit moet gekoppel wees aan **TYD**.

Bv. Ek wil 55% vir my Afrikaanse opstel kry wat ek die 5de September moet inhandig.


3. TYDSBESTUUR

Tydsbestuur kan jou help om jou tyd meer effektief te gebruik.


Hoe gebruik ek my tyd? Kyk na die onderstaande diagram en gaan dink hoe **JY** jou tyd gebruik:



Voltooi nou jou eie diagram en skryf jou aktiwiteite langsam.



4.1 SLEUTELWOORD-TEGNIK



4.1.1 Identifiseer die

sleutelwoorde en gebruik slegs dit in jou opsommings.

4.1.2 Deur net van sleutelwoorde gebruik te maak, verminder jy jou werk en maak jy dit maklik om te onthou.

VOORBEELD

Plante het sonlig nodig om te groei en hulle sal selfs in die rigting van die sonlig groei. Dit word fototropisme genoem.

Opsomming met sleutelwoorde:

Plante groei na sonlig = **fototropisme**.

4.2 DIE PRINCETON METODE

Hierdie metode word gebruik om jou werk op te som en maak hersiening tydens die eksamen maklik.

Stappe:

1. Lees jou stuk werk in jou boek deur.
2. Neem 'n bladsy en verdeel dit in drie kolomme.

Skrif al die hoofskrifte in hierdie kolom	Maak jou opsommings in hierdie kolom (sleutelwoorde)	Die laaste kolom is vir notas vir wanneer jy hersien
---	--	--

4. TEGNIEKE

4.3 VISUALISERINGSTEGNIK

Dit is 'n tegniek waardeur mens iets bekend gebruik om inligting daaraan te koppel en dit dan in jou bekende omgewing te plaas.



Stappe:

1. Identifiseer die **sleutelwoorde** wat jy moet onthou. Bv. Fototropisme.
2. Vorm nou 'n **beeld** in jou kop van die sleutelwoord. Bv. 
3. Plaas daardie beeld in jou **bekende omgewing**. Doen dit met al jou sleutelwoorde.
4. Maak toe jou oë en "stap" deur jou omgewing, sit die sleutelwoorde neer soos jy stap en probeer **onthou**.

Fototropisme	Plant groei na son	Fototropisme, fotosintese en fotoperiodisme alles met sonlig te doen
--------------	--------------------	--


4.4 BREINKAARTE

- Breinkaarte help jou om jou werk op 'n kreatiewe manier op te som.

Hoe maak ek 'n breinkaart?

1. **Skrif die titel van die vak waarmee jy besig is in die middel van die bladsy neer en omring dit.**
2. **Maak nog groot sirkels op jou bladsy, een vir elke hoofafdeling.**
3. **Skrif nou al die feite onder die gepaste hoofafdelings.**
4. **Onthou om enkele, sterk woorde of beelde te gebruik.**
5. **Gebruik baie kleur en gebruik prente om jou te help om te onthou.**

How to Mind Map®



- Quick Start Guide**
1. Set your page up and
 2. Start in the CENTRE of blank paper turned sideways
 3. Quickly sketch an **IMAGE** of your focus in the center
 4. Use at least 3 **COLORS** for emphasis, structure, texture, creativity
 5. Draw curved lines radiating from center (think of this) **CONSTRUCTIVE** main branches to central image & at each level:
 6. Use 1 key word or image per line for more power and flexibility in thinking
 7. Use images throughout in a picture power a 1000 words

Drawn in knowledge Go to mindmap.com.au

Go to buzan.com.au

TAAL

Begin deur alles neer te skryf van wat jy moet leer.

Bv.

Werkwoorde	Bl. 35-38	Klaar opgesom
Selfstandige naamwoorde	Bl. 66-68	Sukkel nog met Soortname

- Gebruik jou taalhuiswerkboek wanneer jy leer en sorg dat dit altyd op datum is.
- Maak vir jou oefenvoorbeelde van die verskillende taalkonsepte.
- Met taalwerk is dit die beste om jou werk te skryf terwyl jy leer.
- Oefen ou vraestelle en oefeninge uit jou taalhandboek.

5. HOE LEER EK TALE?



LITERATUURSTUDIE (Graad 10—Graad 12)

Literatuurwerk sluit in verhale, dramas en gedigte.

Stappe om te volg in die leer van literatuur:

1. Lees die teks 'n paar keer en maak seker dat jy die **inhoud** baie goed ken.
2. Bly op datum met jou **klasnotas** en leer dit wanneer jy voorberei vir 'n toets.
3. Maak **opsommings** van elke hoofstuk/karakter/verhaal/gedig.
4. Ken die **tegniese aspekte** van die teks en som dit vir jouself op.

KREATIEWE SKRYFWERK

Maak seker dat jy 'n **voorbeeld** het van elke **tipe skryfwerkstuk** wat van jou verwag kan word.

Bv. Verhalende skryf, beskrywende skryf, besprekende skryf, ens.

Volg die volgende stappe om 'n opstel te skryf:

1. **Beplan**—waaroor moet jy skryf? Oor wie moet jy skryf? Wat moet jy skryf? Wat het gebeur en hoe? Kry al hierdie inligting bymekaar.
2. Volgende beplan jy wat jou inleiding gaan wees, wat jou inhoud gaan wees en hoe jou storie gaan eindig. Jy gebruik al die inligting wat jy in stap een bymekaar gemaak het om jou opstel uiteen te sit.
3. Skryf jou opstel eers rofwerk en kyk na jou spelling. Skryf dit dan netjies oor.
4. Dit is altyd makliker om goeie punte te kry vir 'n verhalende opstel as 'n beredenerende opstel.
5. Gebruik mooi taal, idiome en beelde in jou kreatiewe skryfwerk.

BEGRIPSTOETS

Hoe moet ek 'n begripstoets voltooi?

Stappe:


1. **Lees** twee keer deur die teks, omkring/"highlight" die sleutelwoorde soos wat jy deur elke paragraaf lees.
2. Lees die vrae noukeurig deur en **omkring die sleutelwoorde** in die vrae.
3. Lees elke vraag twee keer deur voordat jy dit probeer antwoord.
4. Onthou om altyd in **volsinne** te antwoord.

6. HOE LEER EK WISKUNDE?

Wiskunde is 'n vak wat baie **oefening** en **herhaling** vereis. Wiskunde het baie tegniese aspekte en soms moet jy gebruik maak van **ekstra hulp** om jou op hierdie gebied te help.

Wiskunde raak makliker hoe meer jy dit oefen. Doen ou vraestelle en oefeninge. Dit is die geheim om sukses te behaal. Selfs al is jou antwoord verkeerd, is dit die moeite werd om te probeer.


“Aanhouer wen!”



7. WAT DOEN EK VOOR EN NA 'N TOETS OF EKSAMEN?

Voor die toets of eksamen:

- Maak seker dat jy weet watter vak jy skryf, wat jy moet leer en wanneer jy skryf.
- Jy sal eksamens baie makliker vind as jy elke dag deur die kwartaal die werk leer wat julle die dag in die klas behandel het.
- Oefen ou vraestelle en oefeninge in jou handboek (so raak jy gewoond aan hoe vrae gevra word).
- Maak seker dat jy al jou werk deurgaang.
- Pak alles wat jy gaan nodig hê, die aand voor die toets in.
- Slaap goed die aand voor die eksamen en eet ontbyt.



In die eksamenlokaal:

- Maak seker dat al jou benodighede op jou lesse-naar uitgepak is.
- Lees jou vraestel deur en maak seker dat jy weet hoeveel tyd jy het om die vrae te beantwoord.
- Moenie bekommerd raak as jy iets nie kan doen nie, gaan aan en kom teen die einde terug na die vraag.
- Wees rustig.

8. Studieroosters (Sien bylaag A)

Maandkalender:

- Skryf al die belangrike datums neer wat nie kan skuif nie, soos toetse en take wat ingehandig moet word.
- Plak die kalender iewers op waar jy dit gereeld sien.

Weeklikse kalender:

- Hier skryf jy alle aktiwiteite in wat jy in die week gaan doen en jy koppel dit aan tyd.
- Maak seker dat jy nie net tyd maak vir huiswerk nie. Jy moet elke dag die werk wat in die klas behandel is, leer.
- Die geheim om werk wat in die klas behandel is, maklik te leer, is om 100% in die klas te konsentreer.



BYLAAG A

VOORBEELD: MAANDKALENDER

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
	1	2	3 SW Taak	4	5	6
7	8 Musiekfees	9	10	11	12	13
14	15	16 Ma verjaar	17	18 Wiskunde Toets	19	20
21	22	23	24 Eksamen begin	25 Afr Eksamen	26 NW eksamen	27
28	29 SW eksamen	30 Blok				

VOORBEELD: WEEKLIKSE BEPLANNING

	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG	SONDAG
07:00—14:00	Skool	Skool	Skool	Skool	Skool	Gala	Kuier by Ouma
14:00—15:00	Rugby	Studie	Rugby	Studie	Studie		
15:00—16:00	Huiswerk	Huiswerk	Huiswerk	Atletiek	Gaan vroeg huis toe		
16:00—17:00	Studie	Studie	Studie	Studie			
17:00—18:00	Ontspan	Ontspan	Ontspan	Ontspan			
18:00—19:00	Eet en bad	Eet en bad	Eet en bad	Eet en bad			
19:00—20:00	Hersiening	Opsommings	Hersiening	Opsommings			
20:00—21:00	Gaan slaap	Gaan slaap	Gaan slaap	Gaan slaap			